



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

11 AUGUSTUS 2019

## GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

### EREDIENSTE

#### KWARTAALTEMA

Ons leef in God se  
KONINKRYK.

#### OGGEND- EN AANDDIENS

Stukkende mense  
Filippense 2:1-11

#### VERLORE ITEMS

Daar is heelwat  
stukke  
juweliersware  
(horlosies, ringe en  
hangertjies) wat op  
die kerkterrein op-  
getel is, by die kerk-  
kantoor. Indien jy  
'n item vermis,  
kontak gerus die  
kantoor by  
021 976 4519.

#### DEURKOLLEKTE

Studenteuitreik-  
bediening

#### 11 Augustus

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	4
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Geen diens	-
09:00	Kapel	Meditatief	Geen diens	-
09:00	Grootzaal	Klouterkerk	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Geen diens	-
18:00	Kleinsaal	Aanddiens	Ds. Visagie	12

#### 18 Augustus

#### Nagmaal

Ds. Potgieter	1/3
Ds. Visagie	6/8
Ds. Dietmann	-
Ds. Breytenbach	-
Ds. Potgieter	-
Mike v. Deventer	13

### KONINKRYKSTYD - GESPREKSGELEENTHEID

#### Dinsdag 13 Augustus 19:00 kleinsaal

Tema: Om die stemme van stukkende mense te kan hoor.

Aanbieder: Ds. Nioma Venter, Predikant in Sinodale Diens, Diaconia.

Geen besprekings is nodig nie.

### GESPREK - KORPORATIEWE ONSEKERHEID

#### Dinsdag 27 Augustus 07:30 tot 09:00 in die markplein.

Hoe hanteer 'n mens die konstante onsekerheid in die korporatiewe wêreld en in die huidige ekonomiese klimaat? Aanbieders: Rudolph van Schoor, lewensafrieger by SOS en JP Cronje, verbonde aan die US Sakeskool.

Bespreek jou plek by Anneke @ R40 per persoon by 021 976 8029 of sos@stellenberg.co.za

# [ ON S L U I S T E R N A G O D ]

Bladsy 2

## **VOSBURG KAROOKUIER 6 SEPT. 16:00**

Die voortslepende droogte noodsaak ons om die geleentheid vanjaar anders aan te pak. Slegs 160 lammers en 30 bokke sal in verpakte vorm verkoop word. 'n Braaibord (hoender, wors en slaai) en ander etes sal ook te koop wees.

Vosburgers kan weens finansiële implikasies nie self die funksie bywoon nie en daarom doen ons 'n beroep op belangegroepes in die gemeente om vir die aanbieding van 'n kositem (worsbroodjies, poeding, ens.) verantwoordelik te wees. Kontantskenkings vir die aankoop van produkte sal ook baie waardeer word. Ons wil graag die gemeenskap ondersteun in die moeilike omstandighede waarin hulle hul bevind.

Kontak vir Christine Ferreira 083 440 2086, of Karen Visagie 082 827 9389 om hulp en bydraes aan te bied. Nooi asb. vriende en familie om die fondsinsameling te ondersteun. Die opbrengs word uitsluitlik vir Vosburg-gemeente geskenk.

## **BELYDENISAFLEGGING**

Daar is op 25 Augustus 'n belydenisafleggingsgeleentheid. Kontak gerus die jeugkantoor by [sunet@stellenberg.co.za](mailto:sunet@stellenberg.co.za)/021 9751044 om die aansoekvorme aan te vra.

## **OMGEETRUST WYNVEILING**

**26 Augustus 18:30** Ons jaarlikse wynveiling ten bate van die verskeie projekte van die trust kry spesiale kleur met 'n wynproe aangebied deur Kobus Deetlefs van Deetlefs-wynkelder, Rawsonville. Koste is R150 per persoon, wat 'n driegangmaaltyd, drank, asook die wynproe insluit. Kontak Adri by [a3durand@gmail.com](mailto:a3durand@gmail.com) om 'n tafel vir vriende of besighede te bespreek.

## **GEBEDSBYEEKOMS VIR VROUE**

Ons nooi alle vroue na 'n spesiale gebedsbyeenkoms met sang en gebed vir vroue op **Dinsdag 20 Augustus om 18:30** in die kapel.

## **STELLENBERG**

### **KOSPROJEK**

Bydraes vir die kosprojek moet asb. voor Dinsdag 27 Aug. by die kerkkantoor, of in die voorportaal van die kerk, onder die trap, besorg word.

Niebederfbare kositems, asook toiletware is baie welkom. Kontantbydraes vir die kosprojek kan ook elektronies oorbetal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik asb. KOSPROJEK as verwysing.

### **GEBEDSGROEPE**

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep  
Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep  
Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep  
Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

# [ ONS LUISTER NA MEKAAR ]

Bladsy 3

## GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATTSAP

Stuur 'n e-pos na [sanel@stellenberg.co.za](mailto:sanel@stellenberg.co.za) indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

## GEMEENTEKAMP

Vanaf 29 Nov. tot 1 Des. by die *Guano Cave Resort*, Montagu. Bespreek jou staanplek by die kampeerterrein en dui aseblief aan dat jy deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is. Kontakbesonderhede: 084 553 4187 of [www.montaguguanocave.co.za](http://www.montaguguanocave.co.za). Besoek die webwerf vir volledige inligting rakende kampeertariewe.

## VATVYF-UITSTAPPIE

Op 21 Augustus besoek ons die besigheid *Growing Paper* in Malmesbury. Kom kyk hoé die onderneming papier propvol saadjies vervaardig. Die herwinde papier word vir verskeie gebruike soos kaartjies, ens. benut. Die bussie vertrek om 08:30. Na die toer gaan ons saam tee, koffie en botterbroodjies geniet. Koste: R30 per persoon. Besprekings en betalings by Karin (kerkkantoor 021 976 4519) voor Maandag 19 Augustus. Daar is ongelukkig net plek vir 24 mense.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Maria Katerina (Marie) Greyling, gebore op 23/3/1932 en oorlede op 1/8/2019. Sy was sedert 2015 'n lidmaat van die gemeente en inwoner van Edelweiss. Ons meegevoel met haar man, Abé, twee dogters en kleinkinders wat sy agterlaat.

## MANNE RETRAITE

**Wortelgat 30 Aug. tot 1 Sept.:** Die datum vir die retraite is verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag gebots het. Bespreek by Lindy: [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za). Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

## EDELWEISS BYBELSTUDIE

**Donderdag 15 Aug**

15:00 en 15:45

2 Petrus 1:1-20

Die fondament en bouwerk  
van die geloof!

**Sondag 18 Aug 17:30**

Nagmaal by Edelweiss.

## WOLSKENKINGS

Die breigroep doen weer 'n beroep op lidmate om bruikbare afvalwol vir die brei van serpe en musse te skenk. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

## PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie.

Besoek gerus [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) en gaan na: luister na preke.

## STELLENBERG FINANSIES

Die gemeente se begrote uitgawe vir die huidige boekjaar beloop ongeveer R10,7 miljoen en word verdeel tussen: **uitbou** (fokus na buite), **opbou** (fokus binne die gemeente) en **ondersteuning** (administrasie en eiendomme).

Die begroting word deur die volgende inkomstebronne befonds :

Bankkollekte	11%
Jaarlikse dankoffer	17%
Maandelikse dankoffer	47%
Fondsinsamelings	19%
Huurinkomste	6%

Negatiewe ekonomiese omstandighede het daartoe gelei dat die kerkraad besluit het om nie vanjaar vir 'n inflasionêre verhoging in inkomste te begroot nie. Bedieninge moes hulle uitgawes met tussen 2% en 5% sny. Maandelikse dankoffers is die gemeente se hoofbron van inkomste, maar slegs ongeveer 30% lidmate het tot einde Junie 2019 maandeliks tot die gemeente se begroting bygedra. Gevolglik bedra die inkomste uit dié bron tans R100 000 onder die begrote bedrag. Kontak asb. vir Marguerite Bester, [marguerite@stellenberg.co.za](mailto:marguerite@stellenberg.co.za)/021 976 4519 vir meer inligting oor die begroting, of vir opsies hoe bydraes gemaak kan word.

## ADVERTENSIES OP GEMEENTEKALENDER

Adverteer jou besigheid op die gemeente se kalender. Die kalender word jaarliks aan 1 500 huishoudings in die Stellenberg/Eversdal-woongebied versprei. Kontak Sanel by [sanel@stellenberg.co.za](mailto:sanel@stellenberg.co.za) vir meer inligting.

## RUYTERWACHT SENIOR SENTRUM

Ruyterwacht Senior Sentrum benodig vrywilligers wat op Maandagoggende kan help met die aanry van groente vanaf 'n plaas buite Stellenbosch tot in Ruyterwacht. Kontak asb. vir Margaret Olivier by [rwss@telkomsa.net](mailto:rwss@telkomsa.net)/ 021 534 3090 indien jy kan help.

## STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029

gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

## SNAPSCAN SKANDERINGSKODE

